

# **POLICY 040/2015 RAADSBELEID**

**SUBJECT/ONDERWERP:** AFSAAG VAN BOME OP PRIVAAT EIENDOMME VAN  
PERSONE WAT AS HULPBEHOEWEND REGISTREER IS

**REFERENCE/VERWYSING:** 17.5.B

**RESOLUTION NO/BESLUIT NR:** 17.1/12/2015

**DATE/DATUM:** 3 Desember 2015

**BELEIDSOOGMERK:** Om die afsaag van bome in erwe van hulpbehoewende persone te beheer.

## **BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS**

Die Raad erken die sosiale verantwoordelikheid teenoor hulpbehoewende inwoners en poog daarom om sodanige inwoners te assisteer om bome wat gevare inhou, af te saag.

## **RIGLYNE**

1. Dat die Raad geregistreeerde hulpbehoewende inwoners en meriete gevalle assisteer om bome af te saag, indien dit bevind word dat die bome op die eiendom geval het of blyk asof dit op die eiendom gaan val.
2. Dat die verwydering van die afvalmateriaal (takke en blare) die verantwoordelikheid van die eienaar is.
3. Dat daar 'n tydsverloop van vier weke sal wees vandat versoek goedgekeur is tot en met afhandeling, indien voertuie en toerusting in werkende toestand is.
4. Dat die eienaar die Raad vrywaar van enige skade of geregtelike eise wat met die uitvoering van take, mag ontstaan.

## **PROSEDURE**

1. Indien gevalle voorkom waar bome op eiendom geval het, of in proses is om te val, moet die gevalle deur die Raadslid op die voorgeskrewe vorm aangemeld word en aan invordering oorhandig word om te bevestig of die eienaar hulpbehoewend registreer is, behalwe met die meriete gevalle.
2. Die vorm word dan aan Bestuurder Parke oorhandig, wat 'n inspeksie sal doen of laat doen, om vas te stel of die boom onmiddellike gevaar inhou.
3. Die versoeke sal dan aan die Munisipale Bestuurder vir goedkeuring voorgelê word.
4. Die inwoners sal versoek word om die vrywaringsvorm te onderteken alvorens die boom gesaag word.

## **ROLLE**

Parke Afdeling is verantwoordelik vir die uitvoering van die beleid.

## **VERWANTE BELEID**

Geen.

HERROEPINGS / WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.